Dienelkander



Nuusbrief van die Gereformeerde Kerk Potchefstroom-Oos

"'n Vyeboom, my broers, kan tog nie olywe dra nie, of 'n druiwestok vye nie. 'n Brak fontein kan mos nie vars water gee nie! Is daar 'n wyse en verstandige mens onder julle? Dan moet hy dit toon deur sy goeie gedrag en deur dade wat van nederigheid en wysheid getuig."

11 Mei 2025

09:30 OGGENDDIENS: Ds. Piet Venter

Ons kom vandag by ons tweede preek in die reeks oor die Bedieningstema vir hierdie kwartaal. (sien berig hieronder vir volledige uiteensetting van die bedieningstema en die beplanning daarvan).

" 'n Lewe in ooreenstemming met die evangelie van Jesus Christus" beteken onafwendbaar dat gelowiges aktief moet deelneem in die stryd teen dwalinge en valse leer wat die waarheid van die Evangelie ondergrawe en wil vernietig.

Daar is inderdaad ook vandag "teenstanders" van die evangelie binne en buite die kerk. Daarom moet gelowiges eensgesind saam aanhou vasstaan in die waarheid van die evangelie maar ook saamstry vir die geloofswaarhede.

Ons moet ons nie laat afskrik deur aggressiewe teenkanting van mense teen God, sy Woord en die kerk nie! Die Here leer ons hier dat wanneer ons ons nie laat afskrik of terugstaan nie, dit juis 'n teken is dat God se reddende genade in ons werk.

Tema: Staan eensgesind vas in en stry saam vir die waarheid van die Evangelie.

Lofsang ter voorbereiding van die erediens
Ps. 46 - 1: 1, 6; Ps. 91 - 1: 1, 2 en
Lied 478: 1, 3

God en ons ontmoet mekaar
Intreelied: Ps. 110 - 3: 1, 2 (Mel Ps. 128 - 1); Votum; Seën; Loflied Ps. 118 - 1: 1, 3, 5; Geloofsbelydenis: Apostoliese Geloofs-belydenis: Sing na belydenis Sb. 14 - 3: 3, 4.

Ons verootmoedig ons voor God
Wet uit Eks 20:1 - 11(Eerste tafel); Sing as antwoord op die wet: Sb. 15 - 5: 1, 2, 3, 4, 5; Gebed

God bedien aan ons sy Woord en ons ontvang dit aktief in geloof
Skriflesing: Filippense 1: 27 - 30 en 2: 12 - 18 en 3: 1 - 3 en 3: 18 - 4: 3;
Teksverse: Fil, 1: 27 - 28
Sing Sb. 14 - 1: 1 (kleuters na hulle bediening) ; Woordverkondiging

Ons antwoord op die Woordbediening
Gebed; Liefdegawe (Diakonie - Groot boks en die Ekumenisiteit: Buitelands - Klein

boks); Sing Sb. 15 - 7: 1, 3, 4, 5; Seën; Amenlied: Sb 13-2.

17:00 GESAMENTLIKE KLEINGROEPBEDIENING en TOERUSTINGSGELEENTHEID VIR ALLE LIDMATE

🙏 Gebedsriglyne Mei 2025 in aansluiting by Bedieningstema🙏

Stry vir God se waarheid in ‘n wêreld van valsheid wat dit met geweld en misleiding ontken.

Lees asb Handelinge 20: 29-32; 1 Petrus 5: 8-11; Openbaring 12: 7-18.

1. Aanbidding en Erkenning van God se Waarheid

“Here, U Woord is waarheid. U getuig altyd van wat reg en heilig is.”

- Dank die Here vir Sy onfeilbare Woord.
- Erken dat Christus die Waarheid is (Johannes 14:6).

2. Belydenis van Gebrek aan Waarheidsgehoorsaamheid

“Here, vergewe ons waar ons U Woord verwaarloos het of stilgebly het wanneer ons moes praat.”

- Bely enige vrees of kompromie in die gesig van valsheid en leuens.
- Vra dat die Heilige Gees jou gewete sal vernuwe.

3. Voorbidding vir die Kerk en Mede-gelowiges

“Here, versterk U Kerk om getrou te wees aan die waarheid – selfs wanneer dit ongewild is.”

- Bid dat gelowiges duidelikheid en moed sal hê om in die waarheid te bly.
- Bid teen valse leringe en geestelike misleiding in die kerk. Ontbloot dit as vals.

4. Toewyding om in die Waarheid te Wandel

“Here, help my om U Woord lief te hê, te ken en te leef.”

- Bid vir ’n honger na die Skrif.
- Vra dat jou lewe ’n getuienis van waarheid sal wees in dade en woorde.

5. Gebed vir Moed en Getuienis in ’n Valse Wêreld

“Here, maak my ’n getuie van die waarheid, selfs in ’n wêreld wat dit verwerp.”

- Bid vir vasberadenheid om op te staan vir Christus se waarheid.
- Bid vir wysheid om valsheid met liefde en duidelikheid te ontbloot.

MEELEWING

- Douw Grobler en Magda Huisman se operasies het goed afgeloop en ons bid hulle beterskap toe.
- Dian Aucamp is inderhaas Dinsdag in die hospitaal opgeneem met kritieke bloedsuikervlakke. Toetse word gedoen om te bepaal wat dit veroorsaak en watter behandeling moet toegepas word.

ONS VRA VOORBIDDING VIR DIE VOLGENDE LIDMATE WAT SUKKEL MET SIEKTE OF SWAK GESONDHEID

Estette Bredenkamp, Kitty Kruger, Annatjie Duvenage, Bettie Niemand, Rita Schutte, Marianna Kruger en Marianna du Plessis.

WOORDBEDIENING BEPLANNING MEI TOT JUNIE

2025 BEDIENINGSTEMA

Lewe in ooreenstemming met die evangelie van Christus!
Filippense 1: 27

“ 27 Hoofsaak is dat julle lewenswandel in ooreenstemming met die evangelie van Christus moet wees. As ek dan kom, sal ek self sien, of as ek nie kan kom nie, sal ek deur berigte hoor dat julle in volkome eensgesindheid standvastig saamstry vir die

geloof in die evangelie 28 en julle in geen opsig deur die teenstanders laat afskrik nie. Dit is vir hulle 'n teken van húlle ondergang en van júlle redding, en dit kom van God. 29 God het julle die voorreg gegee om Christus te dien, nie alleen deur in Hom te glo nie, maar ook deur vir Hom te ly. 30 Julle en ek het dieselfde stryd wat julle my vroeër al sien stry het en waarvan julle hoor dat ek nou nog stry."

OORHOOFSE BEDIENINGSDOELWIT

Die ouderlinge het die volgende oorhoofse bedieningsdoelwit op grond van die gekose teksgedeelte vir die Woordbediening gestel :

Ons (GKPO) wil elke lidmaat betrek by God se werk, toerus en aan die werk kry.

1. Eerste kwartaal (Jan - Maart) : Ons wil elke lidmaat BETREK BY GOD SE WERK.

"Hoofsaak is dat julle lewe in ooreenstemming moet wees met die evangelie van Christus..."

Met 'n reeks van 5 preke en verskeie kleingroepbesprekings is lidmate bedien met die heerlike verlossingsboodskap van die Evangelie van Jesus Christus en hoe ons lewe in ooreenstemming daarmee moet wees. Dat die Evangelieboodskap elke lidmaat se hart opnuut vervul met God se genade en gryp om daarvolgens te leef.

2. Tweede kwartaal: Ons (GKPO) wil elke lidmaat toerus vir God se werk.

Hierdie bedieningsdoelwit rus op die volgende woorde van Filippense 1: 27 ev: "As ek dan kom, sal ek self sien, of as ek nie kan kom nie, sal ek deur berigte hoor dat julle in volkome eensgesindheid standvastig saamstry vir die geloof in die evangelie 28 en julle in geen opsig deur die teenstanders laat afskrik nie. Dit is vir hulle 'n teken van húlle ondergang en van júlle redding, en dit kom van God".

Dit gaan om die toerusting van lidmate om vas te staan in die waarheid van die evangelie en dit te beskerm teen die aanslae van dwalinge.

Hierdie doelwit poog die kerkraad biddend in die volgende twee maande as volg om te bereik onder die seënende hand van die Here:

Prediking

27 April – Prof Naas: Staan op vir die waarheid
4 Mei - Student
11 Mei - ds Piet: Vasstaan in en saam stry vir die waarheid van ons geloof.
18 Mei – ds Piet: Dwaling van die Remonstrante - Dordse Leerreëls
- Die Doop volgens die Skrif.
25 Mei – Die dwaling van "Spreek lewe"
1 Junie – Ek in God se diens of God in my diens?
8 Junie – Hoe praat God met my? (Woord en Gees)
15 Junie – Langnaweek
22 Junie – Nagmaal – Die Waarheid en liefde

Kleingroeptoerusting

Studie van die Dordtse Leerreëls. Die kerkraad wil lidmate in diepte toerus aan die hand van die Dordtse Leerreëls met 5 video's wat op GKPO You Tupe gevolg word en waarna daar aanlyn besprekings oor gedoen word.
Die YouTupe skakels na hierdie videos sal na elke besoekpunt per WhatsApp gestuur word sodat lidmate dit maklik kan bereik. Die skakels lyk so:
https://youtu.be/7oP3qf4HqBs

Boek

Ons wil ook lidmate aanmoedig om die boekie van dr Johann le Roux **"'n Maklike-verstaan grafiese uiteensetting van die Dordtse Leerreëls"** aan te koop wat die moeilike taal van die Leerreëls makliker uiteensit sodat die leser dit beter kan

verstaan. Die boekie is teen R 70.00 per kopie by die Kerkkantoor te koop.

Kleingroepbyeenkomste:

11 Mei – Gesamentlike kleingroep: Inleidende toerusing oor die Dordtse Leerreëels en die studieplan – boekies en videos bekendstelling.

25 Mei – Aanlyn - Terugvoer en bespreking oor DL Hf 1 en 2

8 Junie – Aanlyn of fisies: Terugvoer en bespreking oor DL Hf 3/4 en 5

22 Junie – Kleingroepe kyk videotoerusting oor Voorspoedsgodsdiens en bespreek die onderwerp met begeleiding uit die Skrif.

Die kerkraad se gebed is dat hierdie Woordbediening lidmate sal toerus vir hulle dienswerk om die waarheid van die Skrif te ken, self daarin te leef en dit teen dwaalleer te verdedig.

BEDIENINGE VAN HIERDIE WEEK

Vandag
09:00 Gebedsgroep
09:30 Oggenderediens
Kleuterbediening
Gemeente vergadering
Katkisasie, les 12
Tee en Koffie
17:00 Gesamentlike Kleingroepbediening en toerusting vir ALLE lidmate - **alle lidmate word uitgenooi om vanmiddag 17:00 se toerusting by te woon**.

Maandag
Kerkkantoor gesluit
18:30 Katkisasiedg: Katkisasieverslae moet ingehandig word.

Dinsdag
06:00 Manne ondersteuningsgroep
18:00 Katkisasie Gr 8 - 10
Geen Bedieningsdg verg

Woensdag
10:00 Amandelbloeisels
18:00 Katkisasie Gr. 11
17:45 Bybelstudie: Naskoolse jongmense en studente

Donderdag
17:30 Oudle Blok verg Blokke A en B
18:30 Oudle Blok verg Blokke C en D

Vrydag
14:15 Jeugbyeenkoms: uitreik na GK Matlwang.(hoër- en laerskool) Keer terug teen 17:00
17:30 Wegneemetes

AFKONDIGINGS

- Liefdegawes vandag: Diakonie (Groot boks) en die Ekumenisiteit: Buitelands. (Klein boks), Zapper-betaalmetode beskikbaar.
- Gawes volgende Sondag by die deure vir Bybelverspreiding.
- Vrywillige bydrae vir voertuigsekuriteit kan in die bussies gegooi word.
- Diensbeurt: Groep 16 en 18.

VERJAARSDAE

Baie geluk aan almal wat DV hierdie week verjaar!

Sondag, 11 Mei
Sr Marlé le Roux
Sr Rachel Vorster *

Maandag, 12 Mei
Sr Nauma Blom
Sr Carina Coetsee
Sr Leischa Lazenby

Dinsdag, 13 Mei
Br Koos Jooste *

Woensdag, 14 Mei
Jbr Divan v Rooyen
Jsr Mila-Marie v Vuuren

Donderdag, 15 Mei
Sr Rita Kleynhans
Sr Marie Thomas *

Vrydag, 16 Mei
Jsr Carmien Coetzee

***** Lidmate met spesiale verjaarsdae –
75 jaar en ouer

DIAKONIE BENODIG HULP!

Ons benodig hulp van gemeentelede wat bereid is om te help met ons Hospitaalbesoek Diensgroep se hospitaalbesoek aan lidmate. Die predikante besoek wel die lidmate, maar dikwels bly lidmate vir lang tye in die hospitaal en besoeke van medegelowiges beteken geweldig baie. Kontak asb vir: Ds Piet Venter / Riaan vd Walt.

JEUGBYEENKOMS: VRYDAG, 16 MEI
RSVP hier:
https://forms.gle/UWuAS5CXV9ZGkP3v5

Ouers wat kan help met vervoer van die kinders, kan asb. hul name by die kerkkantoor opgee.

AMANDELBLOEISELS
WOENSDAG, 14 MEI

Almal word vriendelik uitgenooi om te kom luister na wat dr. Rina Muller ons gaan meedeel oor diabetes. Weet jy wat ons alles hieroor moet weet? Wat is hierdie siekte waaraan al hoe meer mense ly: wat mag ’n mens eet en wat is die gevolge indien ons ’n verkeerde dieet volg?

Nadat ons geluister en gesels het, gaan ons heerlik kuier oor ’n beker geurige sop en broodjies.

Almal is welkkom - Merk dit asseblief op jou kalender as ’n baie belangrike byeenkoms!

Bring gerus jou vriende saam!

GKSA NUUS

Beroep bedank

Ds JL (Jan-Louis) Lee van GK Brits na GK Alberton-Wes

BAIE DANKIE AAN ONS BORG DIE WEEK!

Turkstra BAKKERY
Rooi Windpompsentrum,
Retiefstr. 61, langsaan Chubby Chick Outlet.
Telnr: 018 523 0111

The Views Lifestyle Centre
Klinkenbergstraat, van der Hoffpark
Potchefstroom
Telnr. 087 527 0029
Veilige parkering
ONS BAK MET PASSIE/WE BAKE WITH PASSION

SUSTERS

"'N KNAP VROU IS BAIE WERD, BAIE MEER AS EDELSTENE." – SPREUKE 31

SUSTERS: ELEKTRONIESE INBETALINGS

Liewe suster, om dit vir jou makliker te maak kan jy gerus die "Zapper App" aflaai en dan hierdie QR-simboolkode vir elektroniese inbetalings aan die Susters gebruik. Dui asb net vir ons aan waarvoor jy bydra: Jaarlikse sustersbydrae / Blikkies-warmharte / Kansa / Donasies.

TEESKINK-GELEENTHEID

Tee, koffie en sap word vandag na die oggenddiens in die Skuur bedien.
Baie dankie aan groepsusters en hul groepe wat vandag hiermee help:

Susan Lourens en groep 4, Harriët v Rooyen en groep 12, Esta du Plooy en groep 22, Gizelle Alberts en groep 27, asook Tooitjie Niemand en groep 30.

BLIKKIES-WARMHARTE

Die doel van die blikkies (wat jy in die voorportaal van die kerk kan kry) is dat almal hulle lastige kleingeld in 'n blikkie sal gooi en die vol blikkie dan in die voorportaal van die kerk sal neersit. Die geld word dan gebruik om blomme of iets toepaslik aan te koop vir iemand wat deur beproewing gaan. Bring gerus vir ons daardie kleingeld wat julle in grendeltyd opgegaar het vir hierdie fonds.
Baie dankie vir julle getroue bydraes!

BAIE DANKIE

Baie dankie aan Nicolette, Anelle en die susters van blok D vir 'n baie verrykende Susterbyeenkoms!

KWARTAALPROGRAM

DATUM	DAG	TYD	WIE	WAT
16 Mei	**Vrydag**	**17:00-18:00**	**B**	**Wegneemetes**
8 Junie	Sondag	18:00	A	Ouderlingverversings
17 Junie	Dinsdag	18:00	Bestuur	Sustersbestuursvergadering
22 Junie	Sondag	12:00	C	Nagmaalete
24 Junie	Dinsdag	18:00	Groepsusters	Groepsustersvergadering

WAARNA SIEN ONS UIT IN HIERDIE MAAND?

<u>WEGNEEM-ETES, VRYDAG 16 MEI</u>

Bestel vroegtydig jou vetkoek by 067 713 2332, op die lys in die voorportaal van die Skuur of op die skakel:

https://forms.gle/2vqkikMAoAvGg3m2A

Besprekings sluit Maandag, 12 Mei!

Oosdoppertjie-Jeugbediening

1. Bediening vir voorskoolse jeug tydens eredienste

Gedurende die skoolkwartaal bied ons vir die voorskoolse jeug 'n georganiseerde program aan, terwyl Woordverkondiging plaasvind. Die kleuterbediening vind plaas deur 'n lessie wat op die kleuters se vlak aangebied word, asook speletjies, samesang en gebed. Kleuters van 3jr tot Gr R is welkom om by ons aan te sluit. Enigiemand wat die behoefte het om betrokke te raak by kleuterbediening, is welkom om Tineke te kontak.
Kontakpersoon: Tineke van Rooyen (084 657 1019)

ALGEMENE INLIGTING

LIEFDEGAWES VIR BARMHARTIGHEID (DIAKONIE)

Hierdie QR-simboolkode is gekoppel aan die Diakonie se rekening en slegs bydraes vir Barmhartigheid kan daarmee gemaak word - geen ander betalings aan die Diakonie of kerkraad nie.

KONTAKBESONDERHEDE

Ds. Piet: 082 779 1237 (Let wel: Pastorie het nie meer 'n landlyn nie!)
Hulpdiens: Ds. Pieter vd Walt – 082 851 3637
Ds. Daan Bakker - 082 829 8456
Kerkkantoor: **Adele – 067 713 2332 - nommer het verander!**/ kerkkantoor@oosdoppers.co.za
Koster: Dawie v Zyl – 082 774 7936

BANKBESONDERHEDE

Geref. Kerk Potchefstroom-Oos	**Diakonie**	**Susters (Nuwe rek)**
ABSA Bank	ABSA Bank	FNB
Tjekrek: 670 340 066	Tjekrek: 670 280 160	Tjekrek: 631 043 29130
Takkode: 632-005	Takkode: 632-005	Takkode: 250 655

SOSIALE MEDIA

WhatsApp: 067 713 2332
Facebook: www.facebook.com/oosdoppers
Webblad: www.oosdoppers.co.za
Erediens videobank: http://ow.ly/ivfZ309vsdc

Intydse erediensuitsendings op YouTube by: Oos-Doppers Potch